## N.G. Sinode Sit in Kaapstad

Wat genoem word die grootste sitting van die Sinode in die geskiedenis van die N.G. Kerk het verlede week in Kaapstad begin. Meer as 400 afgevaardigdes woon die sitting by.

Dr. A. J. van der Merwe van Kaapstad is gekies tot Moderator. Die ander lede van die Moderatuur is ds. W. F. van W. de Vos (Assessor), ds. J. F. Mentz (Actuarius) en dr. J. J. Müller (Scriba).

Die sitting sal na verwagting vier weke duur en behalwe talle verslae van kommissies sal 373 beskrywingspunte behandel word.

## Soos V-Bom Sê Adverteerder

„Ek dank u vir die plasings van my advertensie, wat vinniger was as die V2-bom, want nog voor ek Die O.B. met die eerste plasing daarin ontvang het, het ek reeds aansoeke gehad", skryf mnr. L. J. Swanepoel van Wanhoop, Willowmore, nadat hy 'n advertensie driemaal in ons blad laat verskyn het.

Die uitgebreide sirkulasie van Die O.B. is verantwoordelik vir die feit dat hy vandag die beste advertensieblad in die land is.


## PLASE TE KOOP

Koop 'n plaas in hierdie beroemde distrik, waar droogte onbekend is. Ek het 100 van die beste plase in die mark, vir vee en gesaaides. Sien my vir veeplase in die Laeveld.

1. 922 Morge, grens aan ERMELO dorpsgronde, uitstekende skaap-, bees- en saaiplaas. Een van die beste in Ermelo-distrik, mooi huis en ander verbeterings, verdeel in kampe, baie water, koolregte alleen is £8 per morg. Prys £12/10/- per morg.

2. 1 850 Morge, 18 myl van ERMELO, 3 myl van spoorwegstasie, uitstekende skaap-, bees- en saaiplaas, mooi huis, krale, ens. Baie water, baie kampe, 150 springbokke, bom en vrugtebome, sterk water by huis, volle minerale regte in die koolbelt van Ermelo. Vaalrivier loop deur die plaas. Prys £8 per morg.

3. 650 Morge, 14 myl van BLOUKOPSTASIE, 14 myl van MORGENZON op die Vaalrivier. Pragtige huis en buitegeboue. Hierdie is 'n kroonplaas vir vee en saaiery. Prys £8/10/- per morg.

4. 623 Morge, nuwe woonhuis van 6 vertrekke, melkkamer, pakkamer, stalle, skure en motorhuis, goed omhein en verdeel in kampe, standhoudende waters, sterk spruit loop deur die plaas. Dam gevoed deur sterk fonteine, 30 morge onder water, sterk water by huis. Groentetuine, blomtuine en vrugteboorde onder water. 15 Myl van SHEEPMOOR. 1.000 tree van Goewermentsbus, pragtige jong vrugtebome, 500 gombome, 90 morge basbome in rye geplant, uitstekende vee- en saaiplaas, 15 myl van Amsterdam skoolplaas. Prys £5/15/- per morg.

5. 580 Morge, 12 myl van ERMELO, uitstekend verbeter, verdeel in 19 kampe. Kafferspruit loop deur die plaas. Prys £9 per morg.

6. 181 Morge, verdeel in 8 kampe, goeie kliphuis, uitstekende buitegeboue. Ingesluit in die koop: 30 beeste, waarvan 12 groot osse, 9 Frieskoeie met kalwers, en plaasgereedskap. Die plaas lê 3 myl van die stasie, winkel, poskantoor en skool. Prys £2,180.

*DOEN AANSOEK:*

**Mnr. C. G. MARTENS,**
**Bus 100, Ermelo. Foon: 57.**




BINNE 10 DAE
'N GESONDER MAN ....
BINNE 90 DAE
'N STERK MAN ....
of so nie betaal ek u lesgeld terug.

JOHAN HEFER
se duisende suksesse is
U WAARBORG

Seuns en jong mans verlang
MOOI SPIERE en
REUSE KRAG ....

Bejaarde mans verlang
BLYWENDE GESONDHEID
JOHAN HEFER voorsien in altwee.



Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike pryse. Maklike terme.

Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:

JOHAN HEFER
Hefer-Instituut — Bus 3494, Kaapstad.

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam ........................................
Adres ........................................
Ouderdom ..................


# Laval Sterf Dapper Na Selfmoordpoging

Pierre Laval, voormalige Eerste Minister van Frankryk, wat hom vir 'n nuwe orde in Europa beywer het, en hom daardeur die gramskap van die kommuniste op die hals gehaal het, het dapper gesterf nadat hy deur 'n wraakhof ter dood veroordeel is.

Hy het in sy sel gif gedrink, maar is weer uit sy bewusteloosheid bygebring deur geneeshere. Dit was teen die gees van die hele vervolging dat hy maar net sou sterf — hy moes doodgemaak word.

Laval het versoek om 'n bietjie te rus sodat hy genoeg krag kon hê om waardig te sterwe. Daarna het hy hom aangetrek en 'n wit das aangesit met die Franse Vierkleur om sy nek. Hy het gevra of hy die bevel mag gee vir die vuurpeloton om te skiet, maar dit is hom geweier. Hy het hom tot die staatsaanklaer gerig en gesê: „Ek bejammer jou dat jy so'n taak moes uitvoer".


Daarop het hy hom na die vuurpeloton gerig en gesê: „Ek bejammer julle dat julle verplig is om hierdie misdaad te pleeg."

Hy het geweier om hom te laat blinddoek, en het die vuurpeloton vierkant in die oë gekyk met die woorde: „Mik op my hart! Lank lewe Frankryk!" Die sarsie het weerklink en nog 'n moord is gevoeg by die duisende in belang van Stalin se opperheerskappy.

## Kommando Verdubbel Opbrengs

Tot ons bemoediging en miskien tot die leed van baie van die vyande van die O.B. het die Helpmekaar-Kommando, (Reivilo) vanjaar getoon dat hulle die vertroue van hulle leiers werd is. Te oordeel na die opbrengs van nagenoeg £59, het die krag van die Kommando verdubbel, aangesien dit tweemaal soveel is as wat ons nog ooit opgebring het.

Daar was twee funksies in die Kommando, t.w. op die plaas Deelfontein van veldkt. S. J. Weyers en die plaas Welgeluk van veldkt. B. J. de Klerk.



**Genl. G. P. de Beer (Vryburg).**

Die dae is gesellig deurgebring met jukskei-kompetisies en die verkoop van eetware en alle soorte handgemaakte artikels. Op altwee die plekke het genl. G. de Beer besielende toesprake gehou.

Hoofkomdt. Haasbroek het ook as spreker opgetree.—(Ingestuur.)

**Hfkomdt. W. P. van der Merwe,** stafhoof van Gebied B, het op sy reis na Elliot 'n besoek aan die kommando van Sterkstroom afgelê op Maandag, 8 Oktober. 'n Lekker ete is genuttig op die plaas van wagkaptein A. J. Oelofse, en nuwe moed is geskep uit die kragtige toespraak van die hoofkomdt. —(Ingestuur.)

## Moeder Oorlede Van Gen. Fouché

### Gestry Vir Haar Volk

By aanvang van 'n vergadering van offisiere, gehou op Koster teen die end van verlede maand, is innige meegevoel betuig in die verlies wat genl. C. J. Fouché gely het met die afsterwe van sy moeder, die weduwee C. S. Fouché van die plaas Die Hoek, Kommissiedrif, op 25 September jl. in die ouderdom van 66 jaar en 8 maande. Melding is gemaak van die rotsvaste beginsels van die oorledene en dat met haar afsterwe nog 'n ware volksmoeder wat onuitwisbare spore nalaat, die ewige rus ingegaan het.

Genl. Fouché vertel van die tyd toe sy moeder in die Tweede Vryheidsoorlog die plaas moes verlaat en voortvlugtende gevangeneming vrygespring het. Ook haal hy aan van die uitbreek op hul plaas van die 1914-rebellie, van die lewendige aandeel wat sy ouers geneem het in die beweging en van die moeilike dae wat sy moeder beleef het toe haar eggenoot, wyle kommandant Danie Fouché, na gevangeneming sewe maande tronkstraf moes uitdien en 'n opgelegde boete van £500 moes betaal.

Om daadwerklik behulpsaam te wees in die aktiwiteite van die Ossewabrandwag, het wyle mev. Fouché dikwels die bestuur van die boerderybedrywighede in die afwesigheid van haar seun, die generaal, op haar geneem. Sy was dan ook volkome bevoegd om die boerdery in al sy vertakkinge te behartig. Wanneer vereis, het sy selfs nie teruggedeins om met geweer oor skouer op jag na wild die Magaliesberge in te gaan nie.

In die aanwesigheid van 'n groot skaar familielede en belangstellendes is die begrafnis op 26 Sept. jl. deur ds. D. R. Kotze op die plaas van die oorledene waargeneem.

## O.B.-Gedagte Vind Oral Byval

Carnarvon het op 10 Oktober 'n O.B.-dagfunksie gehou, by watter geleentheid genl. J. de Vos van die Hoofkwartier teenwoordig was. Ten spyte van die geweldige droogte en tekort aan petrol het die funksie meer as £100 opgelewer. In die aand is 'n openbare vergadering onder leiding van komdt. Cloete gehou wat deur genl. De Vos toegespreek is. Hy het o.a. die volksfrontgedagte van die O.B. behandel en aan die einde is geleentheid vir vrae gestel aan besoekers, wat tot hul bevrediging beantwoord is. Die nuwe gedagte van samewerking in teenstelling met die partygedagte wat die volk dwing om teen homself te veg, slaan oral in soos ook by hierdie geleentheid geblyk het.

Genl. De Vos het ook 'n besoek aan Loxton gebring, waar 'n vergadering onder voorsitterskap van komdt. M. Scholtz gehou is.

# NUWE MISDADIGERS IN WORDING?

## Russiese Imperialisme Word Getroetel

Indien Britse staatsmanne die aansprake van Hitler op Duitse grondgebied wat van hom weggeneem was, maar net met die helfte van die geduld bejeën het waarmee hulle die Russiese magspolitiek vandag verdra, sou die wêreld die groot verwoesting van die afgelope oorlog seker nog geruime tyd bespaar gebly het. Daar is weinige wat vandag sal ontken dat Hitler die produk van die kranksinnige vrede van Versailles was. Dwarsdeur sy geskrifte en toesprake was daar net een motief wat die Duitse leier gedryf het: vernietiging van die vernederende bepalings van Versailles. Hitler het dan ook gedurende sy bewindvoering stelselmatig en konsekwent volgens sy aangekondigde beleid, die een band na die ander verbreek totdat uiteindelik nog net Danzig en die Duitse kolonies oorgebly het. Teen hierdie tyd het Brittanje egter kans gesien om halt te roep, en die oorlog het uitgebreek. Daar is gevrees dat Duitsland op politieke en ekonomiese gebied te sterk sou word.

Hitler en Duitsland is vernietig en 'n nuwe Versailles is besig om te verrys, veel erger as wat selfs in die harte van die buitverdelers van 1918 opgekom het. Die verstand het blykbaar gevlug, want waar 'n Smuts in 1918 maar slegs kon profeteer van 'n nuwe oorlog wat as gevolg van die onregverdige vredesbepalings sou ontstaan, dreig daar vandag reeds by die afloop van die oorlog al klaar nuwe gevaar in 'n veel skrikwekkender vorm as wat Duitsland ooit kon geword het. Daar is tans geen sprake van 'n oorwonne vyand wat in toekomstige jare sal herrys om wraak te neem nie, maar dit gaan hier om 'n bondgenoot wat klaar en helder 'n imperialisme ontvou wat nie berus op verongelyking nie, maar op brute magsbegeerte.

### STALIN VERDEDIG

Toe nugtere mense nog maar slegs 'n paar maande gelede gewaarsku het dat Josef Stalin imperialistiese oogmerke het, het naïewe verdedigers van hul pas ontdekte vriend beduie dat „sosialisme" en imperialisme met mekaar onversoenbaar is en dat, afgesien daarvan, Rusland reeds oor een-sesde van die aardbol beskik, en dus geen behoefte aan uitbreiding het nie. Duitsland is die gevaar, so is gesê, want hy het nie voldoende grond vir al sy onderdane nie. Dat daar in Rusland geen sosialisme in swang is nie, dog kapitalisme in sy uiterste gewetenloosheid, wou hierdie mense nie raaksien nie, net so min as wat hulle die teenstrydigheid sien in hul optrede om 'n land wat weens gebrek aan ruimte tot imperialisme verplig sou gewees het, tans die helfte van sy grondgebied te ontneem.

Intussen het Stalin egter geen geheim gemaak van sy imperialistiese oogmerke nie. Hy het reeds die Oossee-state ingesluk; hy het reeds die helfte van Pole—terwille van wie se onskendbaarheid die oorlog juis aangeknoop is — ingepalm; hy het 'n deel van die dappere Finland — vir wie ons regering indertyd ook nog 'n klompie vliegtuie geskenk het as hulp teen die Russiese agressor — geannekseer. Hy het beslag gelê op die hele Balkan waar daar kommunistiese diktature aan bewind geplaas is wat in naam van demokrasie op die altaar van Stalin offer. Die Westerse moondhede is van hierdie gebiede totaal uitgesluit sowel wat betref behoorlike verteenwoordiging as handelsverkeer.

### NA AFRIKA

Die dele van Duitsland wat deur die Russe beset is, o.a. ook Oostenryk, het blykbaar geen hoop meer op 'n eie toekoms nie. En selfs met hierdie ryke buit is Stalin nog nie tevrede nie. Hy soek veiligheid, beweer hy. Hy moet homself verdedig teen moontlike blokvorming in die Weste. Dat hierdie wantroue-betoon nie genoeg is om die lugkastele van ewigdurende wêreldvrede te ruïneer nie, is ontstellend. Rusland se grypende vingers strek uit na Afrika waar hy aanspraak maak op vroeëre Italiaanse gebied en dit reik na die Midde-Ooste waar hy 'n deurgang in Persië eis asook in die Middellandse See-strate. Saam met Bertrand Russell vra 'n mens: „As dit nie naakte imperialisme is nie, wat is dan?"

Maar die Westerse demokrasieë is besig om 'n duur boete te betaal vir die misleiding van hul volke tydens die onheilige verbond. Die demokratiese volke is deur hul pers en hul regerings wysgemaak dat Stalin 'n engel is en dat die bolsjewisme demokrasie in sy hoogste ontwikkeling is. Uit hierdie volke gaan daar tans 'n geroep op om die enigste ding wat Stalin nog vir tyd en wyl in bedwang kan hou — die atoombom — uit te lewer aan alle state en dus ook aan die Russiese Empire. In Amerika dreig die wetenskaplikes om selfs die verbod van die regering op geheimhouding te verontagsaam en die geheime uit te blaker.

Intussen is die ontstellende nuus ontvang dat Rusland self beskik oor die geheim van die bom beskik. Hy sou 'n groep Duitse wetenskaplikes gevange geneem het en beslag gelê het op al hul aantekenings. Hierdie bom, so word berig, sal glo sestig maal sterker wees as die Amerikaanse.

### MISDADIGERS

Wilde haat het in Mei 1945 in die pad gestaan van gesonde verstand. Van Duitse kant is 'n aanbod gedoen aan die Weste om vrede te sluit met uitsluiting van Rusland. Dit sou Duitsland miskien selfs sonder die hulp van die ander in staat gestel het om die Russiese imperialisme buite Europa en ook buite die bereik van Duitse oorlogsgeheime te hou. Hierdie aanbod is verwerp. Vandag pleit 'n Engelse professor reeds vir die vorming van 'n wêreldorganisasie met uitsluiting van Rusland. Ook sy geroep sal blykbaar as 'n eksentrieke uiting van die hand gewys word.

En intussen word ander mense wat in moeilike omstandighede hul volke deur wyse optrede gered het, as verraaiers om die lewe gebring.

Daar bestaan 'n moontlikheid dat die wêreldmening sy lys van oorlogsmisdadigers en verraaiers in die nabye toekoms in hersiening kan neem. „Verraad is net 'n kwessie van datums," het 'n Fransman eenmaal gesê. En waar volksleiers vandag doodgeskiet word omdat hulle met Hitler vrede wou hou, kan huidige leiers ten opsigte van Rusland seker met meer reg beskuldig word van verraad teenoor wat sommige noem die demokrasie en wêreldvrede.

# RUSSE BESKIK OOR GEHEIM VAN ATOOMBOM

Die geheim van die atoombom sal binne die volgende ses maande in die besit van Rusland en Frankryk wees, het 'n vooraanstaande Franse wetenskaplike, Paul Rivet, verlede week gesê.

Hy het meegedeel dat die Russe 'n groep Duitse wetenskaplikes op 'n Deense eiland gevange geneem het waar hulle besig was met navorsing in verband met die atoombom, en op die punt van sukses gestaan het. Die Russe het hulle na Rusland geneem en beslag op al hul aantekeninge gelê.

Rivet beweer dat die wetenskaplikes gereed is om 'n bom te vervaardig wat sestig maal sterker as die Amerikaanse sal wees.

### DOGTERS KAMP UIT

Van Vrydag, 28 September, tot Maandag, 1 Oktober, het die Boerejeugdogters van Stellenbosch onder die bekwame leiding van veldkornet A. Lombard, 'n besonder aangename kamp gehou op die O.B.-terrein te Blauwklip. Hierdie kamp is deurgaans gekenmerk deur 'n pragtige gees.

Die Boeredogters het sommer dadelik fluks aan die werk gespring. Saterdagoggend is Tant Ria de Waal bygestaan met die verrigting van allerlei huiswerkies. Die kleiner dogters het hulle besig gehou deur gipsafdrukke te maak van mooi blare en blomme. Die middag het ons 'n interessante Eerstehulp-lesing gehad. Daarna het ons rangskikkings gemaak van veldblomme van die omgewing.

Sondagmiddag het die ouers en belangstellende vriende by ons koffie gedrink.

Maandag moes ons ongelukkig vroeër huis toe gaan weens slegte weersomstandighede.

Almal is dit eens dat ons die kamp baie aangenaam gevind het. Goeie dissipline het deurgaans geheers en die dogters was besonder ywerig. Ons sien almal uit na die volgende kamp.—(Ingestuur.)




MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF
Telefoon 2-0212

Vir DEFTIGE TABBERDS TWEE-STUK ROKKE en SOMERHOEDE
Kom seker eers na
Steyns
Die Dames-Winkel
PAROW

Blanke Suid-Afrika Roep U ! ! !

Die Christendom, nie die Kommunisme nie, moet die besieling van ons Werkersorganisasies wees.

SLUIT AAN BY DIE BLANKE WERKERS SE BESKERMINGSBOND.

Alle blanke Christene, man of vrou MOET aansluit en help.

Vul onderstaande vorm in en stuur 5/- lidmaatskapfooi aan onderstaande adres. — Volle besonderhede van:
Die Sekretaris,
Blanke Werkers se Beskermingsbond,
Posbus 6308,
Johannesburg.

Familienaam Mnr./Mev./Mej. ..........
Voorname ..........
Volledige adres ..........
Beroep ..........
Werkgewer ..........
Lid van Vakbond, indien wel watter ..........
Datum van aansluiting ..........
Handtekening ..........

DIE O.B., WOENSDAG, 24 OKTOBER 1945.

# Hele Europa 'n Advokaat

Die wêreld het in die afgelope maande reeds eienaardige hofsittings aanskou, maar die verhoor van die sogenaamde Duitse oorlogsmisdadigers wat verlede week in Berlyn geopen en vir dertig dae verdaag is, beloof om nog die grootste bespotting van rede en reg van alle tye te wees. Daar is nie 'n enkele aanklag teen die beskuldigdes in te bring waaraan die regters nie ewe skuldig is nie, en die feit dat daar twee Russiese regters deelneem, maak die skuldelas van die regbank teenoor die beskuldigdes oneindig swaarder.

Die aanklag lui o.a. dat daar 'n sameswering bestaan het om misdade teen die wêreldvrede en die mensdom te pleeg en dat vyfdekolonners vir dié doel gebruik is. Maar kan die „sameswering" van die Duitsers enigsins vergelyk word met die Bolsjewistiese sameswering om 'n gewelddadige wêreldrevolusie in alle lande deur te voer met opstoking van arbeidsmassas deur Moskou-agente?

Wanneer tot die „gepleegde misdade" self gekom word, is dit moeilik om te sien hoe die regters hulself teenoor die beskuldigdes sal kan handhaaf. Dit lui dat „die reëls en gebruike wat met oorlogvoering geld, in gewetenlose oorloë teen lande en bevolkings geskend is." Meer spesifiek heet dit:

## DIE AANKLAG

**„Moord, mishandeling, deportasie van burgerlike bevolkings van besette gebiede vir slawe-arbeid en ander doeleindes, vermoording en mishandeling van krygsgevangenes en van mense ter see, die aanhouding en vermoording van gyselaars, plundering van openbare en private eiendom, die wellustige verwoesting van stede en dorpe en verwoesting wat nie om militêre redes nodig was nie".**

'n Lang lys, maar dit kan nog veel langer wees as die regters hul plek in die beskuldigde-hok sou inneem. „Moord" — waar sou die lyn getrek word, **by die Bos van Katyn, waar 15,000 Poolse offisiere deur die Russe om die lewe gebring is,** of by die duisende vroue en kinders wat deur Geallieerde bomwerping om die lewe gebring is?

„Deportasie van burgerlike bevolkings vir slawe-arbeid en ander doeleindes" — sou dit net die Franse en Russiese „slawe-arbeiders" in Duitsland geld van wie tienduisende, na berig is, ná „bevryding" geweier het om na hul vaderland terug te keer, of **sou dit darem ook betrekking kan hê op die miljoene Pole wat na Siberië ontvoer is en die miljoene Duitsers wat sowel na die Ooste as die Weste gestuur is vir jarelange dwangarbeid aan wat genoem word herstelwerk van oorlogskade, en van wie duisende op hierdie oomblik weer uit Frankryk teruggeneem moet word omdat hulle besig is om van honger in Franse arbeidskampe om te kom?**

„Deportasie van burgerlike bevolkings uit besette gebiede"— kan daar iets in die geskiedenis opgediep word wat kan opweeg teen die verjaging van tien tot vyftien miljoen Duitsers wat vandag aan die gang is uit besette Oos-Duitsland en Tsjeggo-Slowakye?

## PLUNDERING

„Plundering van openbare en private eiendom" — Was dit nie die Geallieerde pers wat berig het dat die Duitse gedrag in die besette gebied so „korrek" was dat hulle baie Franse en Nederlanders se simpatie gewen het nie? En is dit dieselfde pers wat onlangs nog berig het dat **daar omtrent niks meer in Duitse wonings oorgebly het om geroof te word nie, dat die buit van Geallieerde soldate wissel van porseleinware tot kamerstelle? En is dit dan nie amptelike beleid van die Geallieerde lande om Duitsland van al sy nywerheidsmasjinerie kaal te plunder nie al sou dit die hongerdood van miljoene Duitsers beteken?**

„Wellustige verwoesting van stede" — was dit nie 'n Amerikaanse waarnemer wat by aanskouing van die uitwerking van die atoombom op Hirosjima uitgeroep het dat dit „wonderlik mooi" was nie? Die oordeel van Amerikaanse burgers self oor hierdie onmenslike wapen was dat dit „koelbloedige massamoord" is, en die president van 'n Amerikaanse universiteit het dit genoem: **„'n barbaarse, onmenslike soort oorlogvoering".**

Wat sou die regters van Neurenberg se mening daaroor wees?

Herman Göring, een van die beskuldigdes se kommentaar oor hierdie wapen was, volgens die Amerikaanse blad Time: „Ek wil daar niks mee te doen hê nie. Ek gaan hierdie wêreld verlaat."

Geen wonder dan ook dat berig is dat die Duitse beskuldigdes nog geen advokate gesoek het nie, hoewel daar advokate na hulle soek, want indien hierdie hof geregtigheid wil beoefen, is die huidige oorwinningstoestand van die Geallieerdes een magtige advokaat. Indien die hof egter net 'n formaliteit van wraakneming is, is advokate oorbodig.

# Soos Ons Lesers Dit Sien

## Ere-Skuld Moet Vereffen Word

Mnr. Gordon Tomlinson van Vredefort skryf:

Na 43 jaar — en terwyl ons oorstroom word met berigte uit Engeland en elders oor konsentrasiekampe — het ons as volk nog nie ten volle ons ere-skuld aan die slagoffers van die Engelse konsentrasiekampmetodes betaal nie. Dit is 'n ere-skuld wat eenvoudig vereffen moet word. Nieteenstaande al die pogings van my bestuur — en ons het veel uitgerig — is daar nog nagenoeg 274 graftes in die Vredefortweg-kamp wat opgemaak moet word. Daarby beoog ons ook 'n sentrale monument vir die kamp. Vir al hierdie werk het ons nagenoeg £2400 nodig en het maar £400 tot ons beskikking. Selfs met hulp van die Sentrale Fonds sal ons ver kortskiet. Namens my bestuur doen ek weer 'n beroep op welwillende Afrikaners om bydraes aan my te stuur. Aan hulle wat in verwaarloosde graftes lê, is ons die behoud van ons selfrespek te danke.

My bestuur doen ook verder 'n beroep op almal wat daartoe in staat is om name van dié wat in die kamp gesterf het, aan ds. Loubser, Pk. Kopjes, te verskaf. Ongelukkig kon ons tot dusver nie die gegewens vind nie, en as iemand ons miskien op die spoor van die amptelike lys van name kan bring, sal dit baie gewaardeer word.

Intussen sal ons dit ook baie op prys stel om waardevolle gegewens omtrent gebeurtenisse in die kamp te ontvang om die bestuur in staat te stel om, terwyl daar nog tyd is — en daardie tyd word afgeknyp — 'n kort geskiedenis van hierdie kamp op te stel. Skryf hieraangaande ook aan ds. Loubser.

Hierdie oproep vir geld, gegewens en sketse uit die kamplewe is gerig aan diegene wat nog nie moeg geword het nie.

## „Russe Hou Hul Volk Doelbewus In Duister"

'n Skerpe veroordeling van Rusland se beleid van wantroue is deur 'n Geallieerde joernalis wat tydens die oorlog in Moskou was, gedoen in die blad Time and Tide.

Hy verklaar dat die Russiese regering nie vriendskaplike samewerking met Engeland begeer nie omdat hy nie wil hê dat sy onderdane iets van die Britse leefwyse moet leer nie. **„Vir twintig jaar lank is die Russiese volk doelbewus mislei ten opsigte van die toestand in die buiteland," skryf hy.**

Rusland sien ook 'n bedreiging vir sy veiligheid in die teenwoordigheid van mense uit die buiteland. Hy beskou alle vreemdelinge as potensiële spioene, wat dalk geheime kan ontdek tensy hulle van die Russiese volk afgesonder bly.

## Partystelsel is Brits

'n Leser skryf as volg:

In Van Alle Kante in Die Burger van 8 Okt. 1945 staan, soos u reeds aan O.B.-lesers meegedeel het, dat die partystelsel in Engeland ontstaan het en in Suid-Afrika oorgeneem is. Dit is so. Dit was deur spesiale wetgewing in Transvaal (Wet 13 van 1893) verbied. Van Alle Kante kan misverstaan word waar hy sê: „In Transvaal b.v. was die leier van die party wat by presidentsverkiesings die teenkandidaat van Paul Kruger was, lid van die Uitvoerende Raad". Daar was geen „Party" waarvan die „leier" lid van die Uitvoerende Raad was nie. **Genl. Joubert was een van die twee volkskandidate (soos daar ook eenmaal drie was vir die Presidentsverkiesing). Paul Kruger is verkies en Piet Joubert is benoem tot lid van Kruger se Uitvoerende Raad.**

Die partystelsel is Brits en sal in Suid-Afrika altyd Brits bly, want onder 'n partystelsel in Suid-Afrika sal die volk altyd verdeeld, noodwendig verdeeld bly.

# *Verjaardag-Viering!*

Die verjaardag van ons

**Komdt.-Generaal** en **Adj.-Komdt.-Genl.**

(DR. J. F. J. VAN RENSBURG) (GENL. J. A. SMITH)

word gevier in die

## STADSAAL te PAARL

op

## Saterdag 3 November om 7.45 n.m.

***PROGRAM:***

A. OPTOG TOT BY STADSAAL

6.45 n.m.: Voetgangers en Almal met Motors kom bymekaar op KERKPLEIN van die SUIDER-PAARL KERK (ou strooidak), geleë aan die Hoofweg, Paarl.

LET WEL: Die Vergadering begin stiptelik om 7.45 n.m. Daar sal vir almal plek wees. Besoekers word gevra te wag totdat die deure oopgesluit word.

B. 7.45 n.m.: VLAGHYSING

(a) Verwelkomswoord deur H.Komdt. W. Marsh.
(b) Gelukwense word aan die K.G. en A.K.G. oorgebring deur Gebiedsleier, H.Genl. dr. F. D. du T. van Zyl.
(c) Toespraak deur die Adjunk-Komdt.-Generaal.
(d) Toespraak deur die Komdt.-Generaal.

*DIE PROGRAM SAL OPGELUISTER WORD MET MUSIEK DEUR DIE O.B.-BLAASORKES.*


Kollekte sal by die Deur opgeneem word ten behoewe van die Noodhulpfonds en aan die K.G. en A.K.G. as Verjaardag-Geskenk oorhandig word.

## Uitbuiting Van Werkers

Elders in hierdie uitgawe verskyn 'n advertensie van die Blanke Werkers se Beskermingsbond, wat die samesnoering van alle Christelike werkers beoog met die doel om beter maatskaplike en werktoestande te verkry, uitbreiding van werkverskaffing, bestaanbare lone en bestryding van kommunistiese invloede in bestaande werkersorganisasies.

Die Ossewabrandwag verwelkom enige stap in belang van die werker. Sy beleid is dat hy simpatiek staan teenoor egte werkersorganisasies wat eerlik die welvaart van sy lede beoog. Daarom steun hy ook vakbonde wat hulle besig hou met die verbetering van die werkers se lot solank daardie vakbonde hulle nie vir partypolitieke of kommunistiese doeleindes leen nie. Die werkers van ons land moet georganiseer word, sodat hulle self eendag 'n aandeel kan neem, nie net in die nywerhede waarin hulle werk nie, maar in die staatsbestuur self. Ons vind dit verkeerd dat die werker voortdurend 'n instrument in die hand van uitbuiters moet wees. Enersyds word hy uitgebuit deur die kapitalistiese mag wat met sy krag hoë winste wil afwerp, en andersyds word hy uitgebuit deur politieke partye, veral sogenaamde „Arbeiderspartye" wat op die stem van die werker na die parlement wil ry. Die grootste en gevaarlikste uitbuiter is egter die kommunistiese agente van Moskou in ons land wat beheer probeer kry oor soveel vakbonde as moontlik en die werker wil gebruik om Stalin se imperialisme oor die hele wêreld te vestig. Daarom maak die Ossewabrandwag onderskeid tussen egte vakbonde en propaganda-unies wat veral deur kommuniste beheer word. Laasgenoemde moet gesuiwer en van alle politieke parasiete bevry word.

## POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



N. B. JACOBS.

Was in die polisiediens, gestasioneer op Krugersdorp, en is gearresteer op 30 Januarie 1942 en op 2 Februarie verwyder na Koffiefonteinkamp. Op 14 September 1943 uitgelaat op plaasarres en op 1 Julie 1944 weer vrygestel. Hy is intussen ontslaan uit die polisiediens.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

# MINDERHEDE REGEER IN EUROPA

## Erkenning Uit V.S.A.

**'n Neiging ontwikkel in die politiek van Europa tot die beheer oor meerderhede deur georganiseerde minderhede, hoewel toestande tussen die een land en die ander verskil, berig SAPA-United Press uit New York.**

Dit is in stryd met die demokratiese beginsels wat deur sowel Brittanje as die Verenigde State duidelik uiteengesit en bekragtig is, dog dit is nie seker of hulle in staat sal wees om die verdere ontwikkeling van die huidige neiging teë te gaan nie.

Een voorbeeld is genl. Eisenhower se berig dat die Kommunistiese Party, hoewel dit die minderheid in Berlyn vorm, die stad se politieke lewe oorheers met die openlike steun van die Russiese militêre regering. Nog 'n voorbeeld is die Bulgaarse regering, wat voortgaan met sy planne vir verkiesings aanstaande maand, ondanks die besluit van die twee vernaamste opposisiepartye om hulle te boikot.

Die verhouding tussen die beherende party in Suid-Slawië en die opposisie is nie duidelik nie, dog die Tito-regering gaan voort met sy planne om onder kommunistiese banier te regeer. Vroeër in die week is in Washington verklaar dat die Verenigde State van plan is om 'n nota aan Tito te rig om hom te waarsku dat erkenning vir sy regering teruggetrek sal word tensy demokratiese verkiesings gehou word.

Die Sowjet-unie is die enigste van die drie groot moondhede wat die bewinde in Bulgarye, Griekeland en Pole steun, dog hoewel hy in hierdie opsig 'n minderheid uitmaak, skyn hy veilig in beheer te wees.

Die posisie in Griekeland is omgekeer, waar die kommuniste blykbaar die meerderheid vorm, dog nie in beheer is nie.

## Nuwe Boeke

**„Op die Voorpunt van die Tye".** Pro Ecclesia-Drukkery, 106 pag., 3/3 posvry.

Hierdie publikasie van die Federasie van Calvinistiese Studente-verenigings kan ten sterkste by alle Brandwagte aanbeveel word, nie alleen weens die feit dat die persone wat bydraes gelewer het, goed bekend is in ons volkslewe nie, maar ook weens die besondere waarde van die bydraes self.

Hierdie boek vind sy ontstaan uit die 50-jarige jubileum van die Calvinistiese Studente Korps „Veritas Vincet" aan die P.U.K. vir C.H.O. Hierdie persone het as oudlede by dié geleentheid opgetree en veral hul gedagtes laat gaan oor die vraagstuk of die Calvinisme as sodanig nog vandag enige besondere roeping in ons volkslewe het. „Op die Voorpunt van die Tye" doen verslag van hierdie voordragte.

Die verskillende persone wat opgetree het is prof. dr. J. D. du Toit (Totius), ds. I. D. Kruger, prof. L. J. du Plessis, prof. J. C. van Rooy, prof. dr. H. G. Schulze, prof. dr. J. Chris Coetzee en prof. dr. H. G. Stoker. Die onderwerpe dek: Die Kerk, Volkseenheid, Die Staat, Volksorg, Kuns en Literatuur, Onderwys en Jeug.

Elkeen van die bydraes afsonderlik regverdig reeds die uitgee van hierdie boek en dit is uiters verfrissend om kennis te neem van die gedagtes daarin opgesluit — gedagtes wat tegelyk Calvinisties-Christelik en Afrikaans-nasionaal is. Dit word van harte aanbeveel.

**„Christelike Sondagsviering"** — Ds. J. C. Botha. F.C.S.V.-Publikasie: Ossewareeks, 2/4 posvry, 61 pag., Pro Ecclesia.

Hierin word behandel die Sondagsviering op 'n Christelike manier. Vir die ondersoek het die skrywer sy werk in drie afdelings verdeel, nl. 1. Die Vraag na die Oorsprong en Instelling van die Sondag.

2. Die Vraag na die Doel en Wyse van viering.

3. Besluit en Verdere Voorstelle.

In hierdie ernstige tye van Sabbatsuitwissing is hierdie werk sterk aan te beveel.

### SY PLIG


„Die Afrikanervolk moet die volgende verkiesing wen of so nie sal hy ondergaan," het genl. J. C. G. Kemp, mede-leier van die H.N.P. in Transvaal, onlangs op Wolmaransstad gesê. Met hierdie gevaarlike keuse voor oë, kan verwag word dat genl. Kemp — indien hy meer as partypolitikus is — hom sal beywer vir die samewerking van die hele nasionaalvoelende volk by die aanstaande verkiesing.

## Verjaardag Van K.G. Gevier

Op 24 September is die verjaardag van die Kommandant-generaal weer baie gesellig gevier by wyse van 'n groot eetmaal in 'n saal in die Pretoriase nuwe stadhuis.

Die kaartjies vir die eetmaal het vinnig verkoop en die saal was al vroeg die aand gevul deur sowat 400 opgewekte eetmaalgangers.

'n Uitstaande kenmerk van die byeenkoms was die aanwesigheid van die plaaslike O.B.-blaasorkes wat die aand deurgaans opgevrolik het met lewendige musiek.



Dr. Van Rensburg

Die K.G. en sy gade was die eregaste by die eetmaal. 'n Heildronk is op dr. en mev. Van Rensburg onderskeidelik ingestel deur prof. G. Cronjé en prof C. H. Rautenbach. Verder is 'n baie mooi adres namens die Pretoria-generaalskap aan die K.G. oorhandig, waarvoor laasgenoemde sy dank uitgespreek het.

Die hele funksie het besonder suksesvol verloop, en te oordeel na die tevrede gesigte om die tafels het daar aan die eetgoed ook maar min geskort.

Na afloop van die eetmaal is Die Stem gesing.


# VOORUITGANG!

## 5 Jaar Gelede!

Gedurende 1940 het daar ongeveer 40 nuwe Afrikaanse Romans verskyn.
Gedurende 1944 ± 85.

## Vandag!

Gedurende 1945 verskyn daar gemiddeld 10 romans per maand.

*SO PAS VERSKYN*

| | Posvry |
|---|---|
| DIE VERSKRIKLIKE DR. PERRON, deur Walter Spiethoff 'n Humoristiese Verhaal | 2/9 |
| MARYNA, deur M. Malherbe en A. E. Carinus | 2/9 |
| GESLOTE LEWENS, deur Kootjie van der Heever | 6/10 |
| KAAPSE REBEL, deur Adriaan Roodt | 9/- |
| MENS, deur André Groenewald | 9/- |
| DIE JAKARANDAS SAL WEER BLOM, deur Regina Neser | 9/- |
| KROM PAAIE, deur F. Potgieter | 6/10 |
| EENSAAMHEID, deur G. Seubring | 4/- |
| HAAR GENOOIDES, deur Marius Gie | 9/- |
| OPDRAANDES, deur H. W. van der Merwe | 6/10 |
| WEEN OOR JULSELF, deur Norval Geldenhuys | 6/10 |
| ONS BOU 'N STAD, deur Fritz Steyn. Nou beskikbaar | 9/- |

*HIERDIE BOEKE SAL OOK GESKIKTE KERSGESKENKE UITMAAK*

HET U REEDS U KERSKAARTJIES MET O.B.-WAPEN BESTEL?
4/3 per dosyn posvry.

# Pro Ecclesia-Boekhandel

Posbus 29 Stellenbosch

# SPRAAKGEBREK VAN KONING VERSUIKER TROONREDE

'n Londense sosialistiese blad bevat 'n beskrywing van die opening van die nuwe Britse parlement, toe die Engelse koning sy troonrede moes hou in ooreenstemming met die Arbeidersparty se beleid. Die berig lui:

„Sosialisme was eindelik aan die bewind, en die Koning, as staatshoof, moes 'n beleid aankondig wat koningin Victoria die stuipe sou laat kry het as dit maar net van Tower Hill af verkondig sou word.

„Nogtans het die Koning nie die woord „nasionalisasie" gebruik nie. **Na 'n lang wilsoefening het hy al so amper oor sy hakkel gekom dat hy byna sonder onderbreking gepraat het. Maar deur 'n snaakse ironie ondervind hy nog moeilikheid om die woord uit te spreek wat so baie van sy Torie-onderdane vererg: 'n ander uitdrukking is in die plek daarvan gebruik.**

Onderwyl die Koning besig was met sy troonrede, het 'n siddering van verontwaardiging deur die geledere van die Tories gegaan. Sommige het uitgekerm: „Die Koning moes geweier het om daardie toespraak te lees!" „Skandelik". „Hoe kon die Sosialiste gedurf het om hom so iets te laat sê!"


## WYNE EN BRANDEWYN

### AANDAG!!

**SPESIALE VERMINDERING VAN PRYSE IN BELANG VAN ONS TALRYKE KLANDISIE (slegs geldig vanaf 1 Oktober tot 31 Desember eerskomend).**

—o—

**GENIET WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURS WAT SELF HUL ROEMRYKE POPULARITEIT VERWERF HET . . . ONGEEWENAARD IN ELKE OPSIG.**

—o—

**PRYSLYS:**

| | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5-gelling-Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal Soet .. .. .. .. .. . | 2/3 | 10/6 |
| Wit Jeripiko .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 8/– |
| Rooi Jeripiko .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 8/– |
| Malmsey .. .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 8/– |
| Wit Muskadel .. .. .. .. .. .. | 1/5 | 7/6 |
| Rooi Muskadel .. .. .. .. .. | 1/5 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. .. .. .. .. | 1/5 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 1/4 | 7/– |
| Pontak .. .. .. .. .. .. .. | 1/4 | 7/– |
| Worcester Hock .. .. .. .. .. | 1/4 | 7/– |
| Spesiale Sjerrie .. .. .. .. .. | 1/4 | 7/– |
| Goue Sjerrie .. .. .. .. .. .. | 1/4 | 7/– |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. .. .. .. | 2/3 | 10/6 |
| Hanekraal .. .. .. .. .. .. .. | 4/– | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse Tipes) | 2/9 | — |
| **FONKELWYN:** | | |
| „La Vie" .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Monis Grand Spumante .. .. | 10/– | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka .. .. .. .. .. .. .. | 8/– | — |
| A. 1 .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/3 | — |
| Anys .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/3 | — |
| Gemmer .. .. .. .. .. .. .. | 6/3 | — |
| Van der Hum .. .. .. .. .. | 6/3 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/– | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen .. .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Suurlemoen .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |

—o—

**ENIGSTE VOORWAARDES!**

(i) Deposito's, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels moet alle bestellings vergesel.
(ii) Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, VRY OP SPOOR VLAKTEPLAATS.
(iii) Bestellings per kissie mag bestaan uit verskillende soorte drank, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

—o—

**LAAT U KERSFEES-KEUSE VAL OP DIE GEURIGE EXCELSIOR-DRANKE . . . UITSTEKEND VIR ELKE GELEENTHEID.**

**Tevredenheid onvoorwaardelik gewaarborg of geld terug.**

—o—

Bestel nou van:

**EXCELSIOR WYNMAKERY**

**VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**


# BRIEF AAN MY DEMOKRATIESE VRIEND

## Europa as Voorbeeld

Geagte Volksgenoot, — In my vorige brief het ek die huidige parlementêre stelsel vergelyk met twee of meer spanne osse wat voor en agter die volkswa gehak word en dan in teenoorgestelde rigting trek. Op hierdie wyse kom die wa nooit uit die modder nie, maar sink steeds dieper. Die parlementêre stelsel eis dat daar 'n regeringsparty en 'n opposisieparty moet wees wat reg teenoor mekaar staan. Verder maak dit ook nog voorsiening vir „dwarsbanke" in die parlement, naamlik vir die ander partye wat ook vryelik kan meedoen aan die bonttrekkery. Dit bly dan ook nooit net by die twee amptelike partye nie. Elke jaar kom daar steeds nuwes by en die volk word in steeds meer onderling twistende groepe verdeel, totdat hy uiteindelik 'n punt bereik wanneer geen party sterk genoeg is om 'n meerderheid teenoor die ander partye te behaal nie. **Dit is dan wanneer die kommuniste met geweld die staat oorneem, tensy daar 'n volksbeweging gereed is om hulle te belet.**

### EUROPA AS VOORBEELD

Laat ons Europa bietjie neem as voorbeeld, waar hierdie Britse stelsel ook oorgeneem was. Na die vorige oorlog is aan Duitsland 'n parlementêre regering gegee — iets wat vir die Duitsers net so vreemd was as vir ons. **Binne tien jaar was daar in Duitsland 47 politieke partye wat mekaar lamgelê het. In sy wanhoop het die Duitse volk na die kommunisme begin stroom.** Die kommuniste vorm ook 'n party — so gee hulle voor en so word hulle deur die demokrate aanvaar. — maar hulle verskil van die ander partye daarin dat hulle nie 'n „program van beginsels" het nie, dog 'n program van haat. Hulle verkondig klassehaat en 'n revolusie. **In sy wanhoop gryp 'n volk uiteindelik na so'n program omdat daar darem 'n verandering voorgehou word.**

Duitsland is egter net betyds uit die hande van die kommuniste gered deurdat Hitler met 'n volksbeweging, wat ten doel gehad het die omverwerping van die vreemde stelsel, na vore gekom en die steun van die volk verkry het. **Hy het nie 'n stryd aangeknoop teen die bestaande partye nie, maar teen die STELSEL, en daarom kon hy wen by die stembus,** want hy het 'n volksverkiesing daarvan gemaak en nie 'n party-verkiesing nie. **Hy wou nie maar net 'n kabinet saamstel nie, maar die hele parlement afskaf.**

### MAGTELOOS

In Italië was daar in 1922 al sewentien partye wat mekaar doodgewurg het. **So magteloos het hulle geword dat nie een meer kon regeer nie, en toe het Mussolini met sy** volksbeweging na die hoofstad gemarsjeer en die koning het hom gevra om die bewind oor te neem. Mussolini het dit gedoen met die historiese woorde: „Van more af het Italië 'n regering, en nie meer 'n kabinet nie". **En Churchill self het erken dat Mussolini deur hierdie stap sy land van die bolsjewisme gered het, en so het almal dit beskou totdat hy die fout gemaak het om aan die verloorkant oorlog te maak.** Mussolini het aanvanklik ook aan die stembus deelgeneem, maar in sy geval het die omstandighede vir hom 'n buiteparlementêre geleentheid gebied om aan bewind te kom.

Portugal was in so'n magtelose toestand gebring deur die partypolitieke onenigheid dat hy hulpeloos bankrot geraak het. **Geen land wou eers meer aan hom geld voorskiet nie. Dit is ook te verstaan as onthou word dat hierdie land in 'n tydperk van 16 jaar voor 1927 nie minder as 43 regeringsveranderinge ondergaan het nie! Elke partybewind het slegs vier maande aan bewind gebly — nie eens genoeg tyd om sy voorganger se werk af te breek, laat staan nog van opbou te praat!**

### PROKLAMASIE

En uiteindelik was die partye self so magteloos dat hulle almal verdwyn het bloot voor die proklamasie van 'n soldaat. 'n Generaal het eenvoudig 'n beroep op alle volksgenote gedoen om te kies vir Portugal teen die partypolitici en met die proklamasie: **„Hiermee proklameer ek die reg van die volk teenoor dié van die partye en politici," het hy 'n revolusie teweeggebring en 'n einde aan Portugal se vernedering gemaak.**

Hy het later 'n Professor in ekonomie gevra om die bewind te vorm — die huidige dr. Salazar—**en binne vier jaar het Portugal weer solvent geword en vandag is hy 'n eerbare en welvarende lid van volke-gemeenskap. 'n Volksregering onder leiding van 'n volksman en nie 'n partypolitikus nie, het hierdie land binne vier jaar uit die modder getrek waarin die partye deur hul toutrekkery hom laat versink het.**

### ENIGE METODE

Dit kan ook in Suid-Afrika gebeur — langs die weg van die stembus, soos in Duitsland of deur blote oorname waar die partye mekaar magteloos wurg, soos in Italië en Portugal, of — maar mag ons volk daarvan bewaar word! — soos in Spanje waar dit 'n bloedige burgeroorlog gekos het om die kommuniste uit te dryf nadat hulle hulself meester gemaak het van die parlement.

Laat ons as Afrikaners dus nie stry oor watter metode gevolg moet word nie — die een metode is goed, die ander miskien noodsaaklik — maar laat ons slegs ons gewig as volk saam ingooi op elke front waar die gevaar dreig, **en laat ons met al die voorbeelde in Europa, bowe-al vooraf besluit dat ons die parlement, wat die broeiplek is van onmag en die oop poort vir kommunisme, deur 'n eie Boerestelsel gaan vervang.**

### O.B.-KERSKAARTJIES

Die enigste firma of persoon wat die reg gegee is om O.B.-Kerskaartjies te verkoop, is die Pro Ecclesia-Boekhandel, Stellenbosch, en niemand anders nie.


**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

(Edms.) Beperk

**MOREMARK (Posbus 7185) NEWTOWN**

**W. VOIGT (EDMS.) BPK.**

Fabrikante van

**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**

Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

**A.V.B.O.B**

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

BLOEMFONTEIN — PRETORIA

130 Takke



# Net Maar Trane Vir Polisie

Dit is opvallend dat dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, en sy politieke blaadjie die hardste skreeu oor die skandalige besoldiging van die polisie. In elke tweede toespraak beklemtoon dr. Steyn die noodsaaklikheid dat hierdie manne beter salarisse moet ontvang. Van al die krokodil-trane kom egter geen silwer in die beurse van die polisie nie.

**Die polisie wil weet of dr. Steyn dan wel die mag het om 'n paar honderd van hulle onverhoord en sonder aanklag in tronke en kampe te smyt, maar darem nie die mag het om hul salarisse te verhoog nie. Hy het blykbaar ook wel die mag om 'n verandering teweeg te bring in die stelsel van promosie deur onopgeleide soldate bo die hoofde van verdienstelike konstabels te bevorder, dog waar dit die verhoging van salarisse betref, hang die Minister se arms blykbaar slap.**

Intussen word daar geskuil agter kommissies van ondersoek en die Staatsdienskommissie.


# O.B.-Wag Marsjeer 16 Myl Ver




**'n Gedeelte van die O.B.-Wag van die Kaapstadse generaalskap wat oor die vakansieweek uitgekamp het onder leiding van wagkomdt. Hickman. Hulle het die Saterdag na die Boerejeugkamp naby Durbanville gemarsjeer onder begeleiding van marsmusiek — 'n afstand van meer as sestien myl heen en terug.**

**Die kamp is ook besoek deur genl. P. D. Rousseau en wagkomdt. Swart van Bellville. Hulle is een aand verras met 'n besoek deur 'n groep Voortrekker-penkoppe en 'n gesellige tyd is gesamentlik deurgebring.**

# Verjaardagviering Op Paarl



Die Kommandant-generaal.



Genl. J. A. Smith

Die verjaardagviering van die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, en die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, te Paarl, op 3 November die aand, beloof om 'n groot omvang aan te neem. Reëlings word getref vir 'n optog deur die verskillende afdelings van die Ossewabrandwag om 6.45 n.m. van die plein af van die Suider Paarl-kerk ,aan die hoofweg. Die viering van die twee leiers se verjaardae, wat onderskeidelik op 24 en 4 September was, is 'n jaarlikse instelling op die Paarl.

# Toekoms Sal Ook Offers Vra

## Heldedagviering in Kaapstad

Ongeveer vyfhonderd geesdriftige persone het die Heldedag-funksie in die Hofmeyr-saal op Vrydag, 12 Oktober, bygewoon. Die Kaapstadse Remskoen-Toneelvereniging het die geskiedkundige toneelstuk „Magrieta Prinsloo" opgevoer by hierdie geleentheid.

Die spreker was dr. P. J. Coertze van Stellenbosch, wat die roeping van die Boerevolk behandel het teen die agtergrond van sy verlede.

„Die stryd van die volk was altyd nog 'n stryd van sosiale verset", het spr. gesê en 'n oorsig gegee van ons geskiedenis sedert Adam Tas tot die jongste oorlog.

„Die roepstem van ons groot volksplig", aldus dr. Coertze, „is om alles veil te hê om ons volk vry te kry van die Engelse oorheersing. Ons kan nie anders as glo dat God op ons volk 'n taak gelê het, 'n roeping wat nog nie vervul is nie".

In verband met ons toekomstaak het spr. gesê dat daar ook offers gevra word. Om suiwer te bly, sal die rasse apart moet ontwikkel, maar die naturelle het ons tot 'n groot mate afhanklik gemaak van hul arbeid. As ons nou wil getrou wees aan ons roeping, moet ons onsself losskeur uit hierdie greep en hulle die geleentheid gee om afsonderlik te ontwikkel. Dit beteken dat ons sonder hulle sal moet klaarkom. Maar daar is geen ander uitweg as ons wil voortbestaan as 'n suiwer volk nie.

## Lof Aan O.B.-Vroue

Hoofkomdt. J. Ras van Heuningleegte, Pk. Letjesbosch, K.P., skryf:

Ek was onlangs op vier agtereenvolgende funksies van die O.B. in Generaalskap A11, nl. Middelkraal, Zeekoegat, Beaufort-Wes en Spes Bona. Gesien deur die bril van die professionele politikus, die stembril, was die opkomste nie baie groot nie, maar as politici hierdie funksies wil bywoon, sal hul oë oopgaan. Die gees wat op hierdie funksies heers, is eenvoudig die skrif aan die muur vir die party-politikus en kan vergelyk word met die klompie manne van Gideon wat hulle hande gebruik het om water na hul monde te bring. So ook word hier hande en harte gebruik, met net die verskil, dat dit die vrou is wat die dryfkrag agter alles is, en dit maak dit des te gevaarliker vir ons party-politici. £80, £100, £120, is kleinighede vir hierdie Ossewabrandwag-vroue om gou in te samel. Hoe hulle dit regkry, weet nugter alleen, maar tel maar die insamelings na 'n funksie en daar is dit. Van spesery-stampblokkies af tot pragtig selfgeweefde wolkomberse, van veldstoeltjies tot baba-stoeltjies. Ja, die mans moet hul sakke skud, maar watter saak maak dit. Die O.B., die volk, roep.

Hierdie moeders en dogters van ons volk was deur die meul. Saam met hul mans het hulle jare van vyandskap moes verduur en afweer van sowel vriend as vyand. Hulle het gelouterd daaruit gekom. So gaan dit dwarsdeur die land. Name kan ons nie noem nie, uitsonderings wil ons nie maak nie. Die O.B.-vroue is almal beproefde heldinne van hul volk. „Kopgee is min", het een kommandante my onlangs geantwoord op die vraag of sy nou weer hervat na 'n lang tyd van siekte. Dit is die gees waarteen ons vyande hulle bloedneus loop.

## Ook Koeie Gegee

Onlangs is berig van 'n oud-geïnterneerde op Lichtenburg wat ruimskoots gehelp is deur die plaaslike kommando aldaar. Benewens die bydrae wat in die berig genoem is, was daar ook nog drie koeie wat aan hom geskenk is — iets wat die prestasie van die kommando aansienlik verhoog. (Ingestuur.)

# „Magspolitiek Herleef"

## Kaapse Professor Begin Twyfel Aan Rusland

„Ons is terug in die tyd van magspolitiek", het prof. W. H. Hutt van Kaapstad verlede week gesê in 'n toespraak voor die Federal Union, waarin hy gepleit het vir 'n wêreldorganisasie met uitsluiting van Rusland.

Prof. Hutt het na die onlangse mislukte konferensie van ministers verwys en gesê dat Rusland die byeenkoms gesaboteer het. „Rusland wil grondgebied hê terwille van die strategiese waarde daarvan. Dit is onmoontlik om agressie van verdediging in sake soos hierdie te skei. Rusland vertrou nie vir Amerika en Engeland nie, en begeer bykomende grondgebied vir verdedigingsdoeleindes of vir agressie — wat ek meer waarskynlik ag. Hitler kon ook geredeneer het dat hy die grondgebied wat hy gevat het vir verdedigingsdoeleindes nodig gehad het.

„Hierdie ongelooflike deurmekaarspul het ontstaan omdat die staatsmanne nie groot vraagstukke voorsien het nie, en tans betaal ons die prys".

Voortgaande het prof. Hutt aan die hand gedoen dat daar 'n organisasie van Verenigde Volke gestig moet word, desnoods sonder Rusland, hoewel laasgenoemde toegelaat kan word om later toe te tree, indien hy hom aan die beginsels daarvan onderwerp.

Prof. Hutt het aan die begin van hierdie jaar nog Rusland se goeie bedoelings verdedig, sodat sy standpunt miskien 'n aanduiding is van die verandering wat in die denke van sommige Britte besig is om plaas te vind.

## Gesonde Plesier Elke Week

Bygestaan deur 'n paar lede van sy kommando het kommandant Hendrik van der Walt (Pretoria-Moot) gereelde, weeklikse gesellige byeenkomste in sy gebied georganiseer. Die byeenkomste vind elke Vrydagaand in 'n klein saaltjie in die wyk plaas, en dit bied gewoonlik 'n baie genoeglike aand in die vorm van volkspele, grappige voordragte, gesamentlike sang, verversings, ens.

Die opkoms was nog altyd baie bevredigend en daar word elke week 'n aangename aand deurgebring. Die toegang is gratis maar gedurende pouse word verversings verkoop ten bate van die Noodhulp.

Die doel van hierdie byeenkomste is in die eerste plaas om aan Brandwagte, en veral die jongeres onder hulle, minstens eenkeer per week goeie, gesonde afleiding te verskaf. Dit hou sommige van hulle weg van ander vermaaklikhede wat dikwels minder opbouend is, en dit vrywaar ander weer teen 'n aand van nuttelose niksdoen tuis.

Verder bevorder dit ook 'n goeie gees van onderlinge samewerking en kameraadskap tussen die Brandwagte. Komdt. Van der Walt erken dat hierdie byeenkomste 'n heilsame uitwerking op sy kommando het en die voorbeeld kan gerus nagevolg word.

BOERE!

Om 'n sukses van u BOERDERY te maak, woon een of ander erkende LANDBOU-KOLLEGE by of word dadelik 'n student van B.K.K. en kry dieselfde diens by u huis deur middel van ons uitstekende KORRESPONDENSIE KURSUSSE in:

- BEESBOERDERY £10 kontant (of £12 op terme)
- BYEBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- BOERDERY-BOEKHOU £5 kontant (of £7 op terme)
- DUIWEBOERDERY £3 kontant (of £5 op terme)
- PLUIMVEE-BOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- SKAAP- EN WOLBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- TABAKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- VARKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

HUISVROU!

Met B.K.K. se beroemde HUISHOUDKUNDE-KURSUS sal u Huishouding 'n plesier wees. — £5 kontant (of £7 op terme)

DIENS!

As u eenmaal 'n lid is van een van B.K.K. se Departemente, bly u altyd 'n lid en ontvang u gratis die raad van DESKUNDIGES vir u besondere geval.

Stuur dadelik u inskrywingsgeld aan:

PRINSIPAAL
BOERDERY-
KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
POSBUS 180 STELLENBOSCH

